TYGERPOORT GEMEENSKAP
HENRYLAAN | PRETORIA OOS

# LIG en RITME

F · E · E · S



## als wat jy moet weet

die verhoogstuk

## ROOI

**R250pp** | ROOI Verhoogstuk + teaterkafee ete

**NG Tygerpoort Kerk ouditorium**

## WOENSDAG, 20 AUG

**17:30 Teaterkafee open**
**19:30 ROOI verhoogstuk**

'n Kreatiewe herverbeelding van die Bybelse verhaal oor Ragab. Die rol van Ragab word vertolk deur die talentvolle aktrise en televisie-persoonlikheid, Jennifer Myburgh. Saam op die verhoog is mede-spelers en musikante: Zander van der Westhuizen (skrywer van die stuk), Lizelle le Roux en Heini Berner.
Ouderdomsbeperking: 13 jaar

## DONDERDAG, 21 AUG

**17:30 Teaterkafee open**
**19:30 ROOI verhoogstuk**
Ouderdomsbeperking: 13 jaar

## VRYDAG, 22 AUG

Hekke open 13:15

**Laerskool Tygerpoort se sportvelde**

**R150pp** | Toegang tot die Feesterrein (sluit optredes op die verhoog in) Kinders onder ses jaar kry gratis toegang.

---

### Lig en Ritme Lounge – R500pp

Voel soos 'n eregas deur jou plek in die "Lounge" te bespreek. Hier ontvang jy spyseniering, drinkgoed, 'n plek om te ontspan en afgebakende sitplek om alles op die verhoog te sien. Hierdie eksklusiewe tent het beperkte plek! Bespreek betyds.

### Kosmark

Smullekker kos by die stalletjies sal verseker dat jy nie honger word nie. Kom geniet - kerrie & rys, hoenderrepies & skyfies, burgers, pregos, boereworsrolle, nachos, pannekoek, sop & brood en roomys. Daar is ook wyn, water en koeldrank te koop. (Geen drank mag van buite af op die Feesterrein toegelaat nie)

### Feesmark

Stap deur ons feesmark van 40+ uitstallers en koop onder andere lekkernye, gebak, speelgoed, juweliersware, heerlike kaas en pesto's.

## Kinderpretpark en Karnavalstraat

Hierdie jaar bied die toegangskaartjie volle toegang tot die groot Gladiator Speelpark vir laerskoolkinders. Hierdie park is op die skool se B & C velde en Karnavalstraat is vol speletjies om elke kind die hele dag besig te hou.



## GROOTfm 90.5

Ons media vennoot, GROOTfm 90.5 saai weer regstreeks vanaf die Fees uit op die dag. Francois van Rensburg is hierdie jaar se seremoniemeester.

## Gelukkige trekking

Staan die kans om groot pryse in hierdie jaar se gelukkige trekking te wen. Spandeer meer as R200 by die Kosmark of Tygerplein Winkel op die dag en kry outomaties 'n kans om in te skryf vir die aand se trekking.

## Ander vermaak

Soos altyd - sal daar 'n paar verrassings op die Fees wees - dalk sien jy 'n sirkusnar of kry die kans om snaakse foto's vir jou sosiale media te neem.

# Buitelug-verhoog program

**15:00** Tygies Pom Poms
**15:15** Tygies Senior Marimba-orkes
**15:30** Tygies Revue - Rev it up
**16:00** Affie Konsertorkes
**16:45** Kate Deen - 2024 Sing Dit! Wenner
**17:00** Alouise
**17:30** ONS
**18:30** Lig-ballonne versier
**19:00** JO BLACK
**20:00** DIE PIESANGSKILLE
**21:00** Spesiale Lig-ballonne oomblik

**R50 per ballon**

## LIG-BALLONNE

Hierdie jaar gee ons aan gesinne, vriendekringe of individue 'n kans om 'n boodskap van hoop op 'n spesiale ballon te skryf. Hierdie ballonne word met helium gevul wat vas is aan 'n gewig. Nadat boodskappe op die ballonne geskryf is sal die ballonne op spesiale plekke orals oor die veld geplaas word en die liggie binne in die ballon aangeskakel word. Ons gaan 'n spesiale tyd in die Feesprogram skep waarin gesinne, vriendekringe en individue saam met mekaar kan sit en 'n oomblik neem om hulle groep / individu se ballon te versier. Koop en bestel vooraf vir elke groep / individu die hoeveelheid ballonne wat jy wil versier vir hierdie baie spesiale oomblik in die program!

Geen alkohol word op die feesterrein toegelaat nie, behalwe dít wat deur die Fees te koop aangebied word. Die Fees is rookvry, behalwe waar 'n spesifieke rookarea aangedui is. Dit geld vir alle vorme van rook, insluitend elektroniese sigarette of "vaping". Die gebruik van enige dwelmmiddels, insluitend dagga, word streng verbied op die feesterrein.

## Waar kan jy kaartjies koop?

1. Aanlyn by **www.ligenritme.co.za**
2. By die Tygerplein Winkel
3. Kerkkantoor of Info-toonbank (Sondae)